NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

SIMXTRAVAGANZA

Die SimXtravaganza veiling vind plaas op Donderdag, 20 Oktober 2016 om 17h30 by die Agra/ Bank Windhoek Veilingsring in Windhoek.

Besoek ons webtuistes vir meer inligting en fotos van die bulle op die veiling. Daar is 14 Simmentaler en 9 Simbra bulle op die veiling, asook 11 dragtige Simmentaler verse.

www.simmentalernamibia.org en www.simbranamibia.org

Alle telers word uitgenooi na n steakbraai die aand, 19 Oktober by die Simmentaler/ Brahman Huis. Kom kuier as telers gesellig saam.

KAMAB BOEREDAG

N Baie geslaagde beesinligtingsdag met die tema

''Die winsgewendheid van boerdery is onder druk….Wat kan ek doen om my besigheid se voortbestaan te verseker. ''

is aangebied op 30 Augustus op die plaas van Diethelm en Katja Metzger. Die dag is bygewoon deur n groot aantal mense met baie interessante lesings en demonstrasies.

Namibiese sprekers het opgetree saam met ons President Kobus Bester en hulle het luisteraars genoeg pitkos gegee.

Die borge van die dag was Santam , Voermeester Standard Bank , Agra en Meatco. Met spesiale dank aan die borge wat die dag moontlik gemaak het.

As Genootskap wil ons graag die familie Metzger gelukwens met die aanbied van n suksesvolle dag.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

NAMIBIA SKOUDATUMS 2016

Die skoudatums vir die 2016 Landbouskoue is as volg:

21 tot 23 September Grootfontein Skou

22 tot 24 September Rehoboth Skou

26 tot 28 September Gobabis Skou- Simmentaler en Simbra beoordeling Maandag namiddag, 26 September.

30 September tot 8 Oktober Windhoek Skou. Die beesbeoordeling vind egter plaas **vanaf 1 Oktober tot 4 Oktober**. Die Simmentalers word beoordeel op Saterdag, 1 Oktober en die Simbras op Sondag, 2 Oktober.

We wish all the breeders exhibiting on the Agricultural Show good luck and many thanks for promoting the breeds and our Society. Showing, although very costly, is a vital marketing tool that should not be underestimated in our dinamic life style today!!